

## INHOUDSOPGAWE

Verbasing oor By- belse orde	1
Sal ons geloof kinders hê?	4
Net een kind	6
Oorlewer aan die Satan	8
Die wedergeboorte	11

## REDAKSIE:

- Ds E Viljoen, Bellville  
emyn04@gmail.com
- Ds J van der Linden,  
Johannesburg  
jopie1976@gmail.com

## VERBASING OOR BYBELSE ORDE

AJ van Zijlekom

Eens op 'n tyd was daar rabbi's wat hulle volgelinge geleer het om soos volg te bid: "Ek loof u, O God, en dank U dat U my nie as 'n heiden, slaaf of vrou geskape het nie." Jy moet bly wees dat jy nie 'n vrou is nie. Want moet 'n vrou nie onderdanig wees nie? En wie wil nou onderdanig wees? Ons is eerder ons eie baas. Gelykheid klink tog vir ons beter. In die vervolg wil ons aandag gee aan teksgedeeltes uit die Skrif om te wys hoe goed en mooi God alles geskape het.

### Leemte gevul

Ons begin in Genesis 2. Die HERE God sê: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas." (vs 18)

Wanneer die HERE die vrou gaan skep, doen Hy dit weloorwoë. Die HERE laat dit duidelik blyk dat Hy hierdie saak goed oordink het. Eers laat die HERE Adam self agterkom dat hy iets mis. Dat alleenwees nie altyd die beste is nie. Adam sou definitief geniet het van die diere vir wie hy name moes gee. Maar hy kom ook agter dat daar geen dier was waarmee hy kon praat nie. Geen dier wat saam met hom oor dinge kon dink nie. Die diere was nie vir Adam



geskikte geselskap nie. Adam het 'n passende hulp kortgekot.

En die HERE skenk dan 'n hulp. Adam word in 'n diep slaap geplaas. Die HERE neem 'n rib uit Adam se liggaam en bou die rib op tot 'n vrou. Die HERE gebruik nie towerkuns om die vrou te bou nie. Hy bou sorgvuldig. Sy word nie 'n kopie van die man nie. Sy kry haar eie unieke liggaam. 'n Tipiese vroulike liggaamsbou. 'n Vroulike liggaam. 'n Vroulike gees. Anders as die man. Nie presies dieselfde nie. Ook nie minderwaardig nie. Ten volle gelykwaardig. Daarom hoef ons ook nie te streef na gelykheid nie. Hierdie verskille kan nie uitgewis word nie. En dit is eintlik ook wat so mooi is: God se skepping van mense (manlik en vroulik [!]) voorkom eensydigheid en eentonigheid in die lewe. Daar is ryke variasie.

Maar is die aanduiding wat die vrou aandui - 'hulp' - dan nie 'n neerhalende beskrywing nie? Kry sy daarmee nie 'n totaal ondergeskikte plek nie? Word sy dan nie gou as 'bediende' (in die huishouding) gesien nie?

Dit wat mooi is van die woordjie 'hulp', is dat dit niks sê oor rangorde nie. Dit sê sekerlik nie dat die vrou *onder* die man staan nie. Dat die man baas moet wees nie. Iemand wat jou help, kan immers iemand wees wat *bo* jou in die rangorde staan! 'n Leermeester help sy leerling. Die HERE maak Homself bekend as Helper van Sy volk. Elke kerkdiens begin ons tog met die woorde: "Ons hulp is in die Naam van die HERE." Die woordjie 'hulp' kom een-en-twintig keer voor in die Ou Testament, en sestien keer daarvan as aanduiding van die HERE. Die beskrywing vir die vrou as 'hulp' is dus allermins neerhalend.

**Die regte verhouding in 'n huwelik wys immers na die besondere verhouding van Christus en sy gemeente.**

Die titel 'hulp' kry nog meer dimensie as mens Genesis 2:18 in sommige van die baie ou vertalings naslaan. Daar gaan dit nie net oor " 'n hulp wat by hom pas nie", maar " 'n hulp *teenoor die man*." Daar is mans wat dink dat 'n huishoudelike hulp genoeg is. Maar die HERE het meer ingedagte. Die "teenoor" sê iets meer oor die manier waarop die vrou 'n hulp sal wees. Sy is nie iemand wie se mening net geïgnoreer kan word nie. Sy kan 'teenoor' haar man te staan kom. Sy is 'n gelykwaardige 'teë-party' vir hom. Sy kan haar man lynreg in die oë kyk. Haar man ontvang in haar iemand op sy eie vlak. Sy kan saamdink en hom iets leer. Sy is gemaak om op hom gerig te wees. Man en vrou is op mekaar aangewys.

Dit is presies wat Adam by die diere gemis het. In die bou van die vrou is daar 'n leemte by die hulpbehoewende man gevul. Die vrou is "ter wille van die man" geskep (1 Korinthiërs 11:9).

### **Onderdanig: net aan mekaar?**

Kom ons kyk nou na Efesiërs 5. Dit is 'n belangrike hoofstuk as dit gaan oor onderdanigheid. Ons het gesien dat die vrou 'n hoë posisie van die HERE ontvang het. Beteken dit nou dat onderdanigheid net 'n kwessie van *onderlinge onderdanigheid* kan wees? Dit word soms so gesê met 'n beroep op Efesiërs 5:21: "Wees aan mekaar onderdanig in die vrees van God." In die huwelik is julle immers vennote?

Daar is 'n bedekte waarheid in hierdie siening. Ook in die huwelik moet jy die ander uitnemender ag as jouself. Tog is daar iets meer wat ons moet sê na aanleiding van hierdie gedeelte. In Efesiërs 5 lees ons iets oor die man, wat ons nie oor die vrou lees nie. Die man word *die hoof van die vrou* genoem. Juis daarom sal die vrou onderdanig wees aan haar man. Daar staan nie dat die vrou ook hoof van die man is nie. Die twee terme: hoof en hulp, is nie onderling uitruilbaar nie.

### **Hoof: geen status, maar verantwoordelikheid**

Voordat ons nou verder gaan oor die 'onderdanig -wees van die vrou', praat ons eers oor die betekenis van die 'hoof-wees van die man'. Wie Efesiërs 5 lees, kom agter dat dit nie oor die beveiliging van 'n status of 'n posisie vir die man gaan nie. Dit gaan eerder oor 'n opdrag wat gerealiseer moet word. Die man se verantwoordelikheid is om leiding te gee. Hy moet bereid wees om te lei. Hy moet inisiatief neem. Hy moet voorloop in die gesin. Hy moet karakter en moed wys. Hy moet bereid wees om die regte leefwêreld vir sy gesin te skep. Hy

**As jy goed voel oor hoe jy voor God staan op grond van iets wat jy gedoen het, dan kyk jy nie na Christus of vertrou nie op Hom nie.**

- N Wilson

moet beskerming en geborgenheid bied. En die man word hierby gewys op die Here Jesus Christus, wat as Redder van sy kerk ook opgestaan het vir sy kerk: dit is Hy wat sy liggaam (Sy kerk) in stand hou. 'n Man mag nie sy huwelik gebruik vir eie gewin nie. Hy moet sorg dat sy vrou en kinders 'n goeie lewe het – 'n goeie lewe soos wat die Bybel daarvan praat. Die man sorg soos wat Christus sorg dat ons 'n goeie lewe by Hom het. Christus wil alles tot 'n goeie einde volbring saam met sy gemeente. Dat die gemeente soos 'n stralende bruid voor Hom sal staan. Smetteloos. Rimpelloos.

Hierdie verantwoordelikheid is dan ook 'n besondere een, omdat die huwelik nie op eie bene kan staan nie. Die regte verhouding in 'n huwelik wys immers na die besondere verhouding van Christus en sy gemeente. Jou huwelik sal 'n rigtingwyser wees na die wonder van die verbond waarin die Here Homself aan ons verbind. Aan die manier hoe jy in jou huwelik met mekaar omgaan, sal jou kinders (as jy kinders van die Here ontvang het) en jou onmiddellike omgewing kan sien hoe dit werk in die nog veel groter en besondere verhouding van die verbond van die Here met ons. Hoe dit in hierdie verhouding werk, moet gesien kan word in hóé die man die beste vir sy vrou soek. Hoe hy haar oppas of haar kan vergewe. Dit moet ook gesien kan word aan die manier hoe die vrou haarself skik na die orde soos wat die Here dit bedoel het.

### **Onderdanig: om jouself verwonderd te skik na die orde wat die Here bedoel het**

Uiteindelik kom ons nou by die betekenis van die woord 'onderdanigheid'. Onderdanig wees, ontsag hê, beteken iets soos: *jou skik na, jou onderwerp aan die orde van die Here*. Efesiërs 5:24 voeg nog spesifiek by: "in alles". Jou hele

lewe en werke, asook jou omgang met jou naaste moet hierdeur gekenmerk word. Uiteraard: so lank as wat dit nie in stryd is met wat die Here van jou vra nie.

Ons kyk ook nog vinnig na die woorde "soos aan die Here" (vs 22): as vrou word jy aangespreek op jou verhouding met die Here. Jy het tog diepe ontsag vir die Here? Jy ervaar dit tog lewenseg dat jy 'n kind van die Here is? Jy wil jouself tog onderwerp aan sy sorgsame leiding? Dan moet dit ook uitkom in die verhouding met jou man.

'n Mens leer om respek te hê. Onderdanigheid gaan hand aan hand met respek (vs 33). 'n Vrou moenie bang wees vir haar man nie. Onderdanigheid is nie kruiperigheid nie. 'n Man wat homself in liefde vir sy vrou gee, in liefde verantwoordelikheid op hom neem, wek ontsag by sy vrou op: sy staan stil van verwondering vanweë die feit dat sy bemin word.

Mense wat leer om hulself so te skik na die orde van die Here, ontdek dat onderdanigheid partydigheid uitsluit. Julle is nie mekaar se teëstanders nie. Julle is één vlees. Daar is 'n intieme lewensgemeenskap. 'n Man sal "sy vrou aankleef" (vs 31 met verwysing na Genesis 2). Hier staan 'n woord wat beteken: die twee word aan mekaar vasgeplak; 'n onlosmaaklike eenheid. Daarom kan 'n mens ook sê: "Wie sy eie vrou liefhet, het homself lief" (vs 28). En die omgekeerde is ook waar: iemand wat sy vrou nie liefhet nie, breek sy vrou. *Maar hy verniel ook sy eie lewe!* Juis daarom moet die vrou gekoester en gevoed word (vs 29). En Paulus verwys ons dan weer na ons Here Jesus Christus, wat sy gemeente voed en koester met die evangelie van sy genade. Die evangelie, wat aan mense wat dit in hulle het om verhoudings stukkend te breek, tog weer nuwe ruimte en genesing gee om saam verder te gaan.

**Wees natuurlik in die geestelike, en wees geestelik in die natuurlike.**

# SAL ONS GELOOF KINDERS HÊ?

E Viljoen



Nee, die opskrif is nie verkeerd nie.

“Sal ons kinders geloof hê?”. Dit is die normale vraag, en die vraag waarmee elke Christen-ouer hom/haar sal besig hou. Sonder enige twyfel 'n belangrike en dooernstige vraag. Maar die bedoeling is om te vra of ons as ouer geslag daarin sal slaag om ons geloof oor te dra aan die volgende geslag. Die vraag kan gestel word met ander variasies wat 'n ander klem na vore laat kom. Ons sou dus kon vra: “Sal ons geloof kinders hê?”. Dit is 'n vraag wat vandag steeds meer in kulture gevra word wat eeue gelede 'n Christelike karakter of invloed ondergaan het. M.a.w. sal daar 'n volgende geslag wees wat enigsins nog plek het vir die Christelike geloof? Sal daar nog in die wêreld plek wees vir die Christelike geloof? Nog 'n variasie op die betekenis hiervan kan die vraag wees of ons geloof van so 'n aard is dat dit nie onvrugbaar is nie, m.a.w. dat dit dalk nie kinders kan voortbring nie. Is ons geloof van só 'n aard dat dit perspektief gee op die volgende geslag om in 'n nuwe tyd met nuwe en eie problematiek, in vertroue met die Here te lewe?

Die Here verseker dat ons geloof kinders sal hê.

Dit is nie oordrewe om te sê dat die Ou Testament grootliks besig is met die kry van en veilig stel van 'n erfgenaam. Gedurig weer was daar die stryd om van die Here 'n nageslag te kry, wat verseker dat die huidige geslag nie tegelyk ook die laaste een sal wees nie. Dit is die hooftema van die hele vertelling oor Abraham en Sara. Later word dit selfs as metafoor gebruik om die Here se belofte vir 'n magtelose verbondsvolk te verwoord: *Jubel, onvrugbare, wat nie gebaar het nie!*

*Breek uit in gejubel en juig jy wat geen weë gehad het nie!*

*Want die kinders van die eensame is meer as die kinders van die getroude, sê die Here...*

*Want jy sal links en regs uitbreek en jou nageslag sal nasies in besit neem en verwoeste stede bevolk”.*

Jes. 54:1-3

Meerdere gelowige ouers ken die pyn van kinders wat nie gelowig is nie. Hiervoor is daar geen simplistiese troos nie. Tog wil die Here ons primêr besig hou met die vraag of daar vir ons geloof kinders sal wees. Die belofte van Jesaja kom na 'n volk wat uitsigloos in ballingskap gesit het. Hulle het geen vooruitsig gehad op uitkoms nie. Geen nuwe geslag wat die Here sal kan dien nie. Hulle het immers geen Jerusalem, geen tempel, geen Sion, geen priesterdiens gehad nie. Vir hulle kom die belofte: “Julle geloof sál kinders

**Mag die bodemlose diepte van my sonde oorstroom word deur die bodemlose diepte van Sy genade.**

- J Calvin

hê!". Die onvrugbares wat nie gebaar het nie, was vir elke Israeliet bekend – Sara, Rebekka, Ragel, Hanna. Maar nou was die hele geslag van die Israeliete onvrugbaar. Geen moontlikhede om 'n toekomstige geslag te verseker nie. Geen hoop op uitkoms of 'n gelowige volgende geslag nie! En tog is dit nou juis vir daardie geslag wat die Here 'n geweldige perspektief wil kom oopmaak...gelowige kinders in die toekoms!

**Om te verseker dat ons geloof altyd kinders sal hê, het die Here vir ons geleer: Eer jou vader en moeder.**

In die Nuwe Testament word presies hierdie selfde metafoor deur die apostel Paulus gebruik. Wanneer hy die wonder wil verwoord dat die evangelie vastrapplek onder die volke gekry het wat eers heidene was, dan gryp hy terug op presies hierdie woorde van Jesaja. Die geloof het kinders gekry, waar dit eers onmoontlik gelyk het dat daar 'n gelowige nageslag sal wees. Maar die wonder het gebeur dat die onvrugbare gebaar het! Kinders is vir Abraham gebore uit die mense van Galasië en in Korinthe en Efese ens (Gal 4:27). Die eensame het meer kinders gekry as die een wat 'n man gehad het...meer kinders is vir die geloof gegee uit die heidene as uit die Jodendom!

Dit is 'n belangrike gebod...met 'n belofte

Om te verseker dat ons geloof altyd kinders sal hê, het die Here vir ons die vyfde gebod gegee.

Eer jou vader en jou moeder, dan sal daar in die land vir lank 'n gelowige geslag wees. Die Here sal sy volk lank laat leef in die beloofde land! Dit is 'n belangrike gebod – dit het 'n belofte.

Die belofte by hierdie gebod laat ons sien wat die Here se eerste bedoeling met hierdie gebod vir ons lewens is. Christus self, aan wie alle mag in hemel en op aarde gegee is, wil oor ons regeer. Met sy genade en liefde en koningskap. En daarvoor het Hy eerstens vir ons ouers gegee. En ander persone met gesag. Sodat Hy self steeds oor ons kan bly regeer. Dit het die Kategismus baie mooi raakgevat – ek moet selfs met die mense wat my onderrig in die Here geduld hê, want God wil my deur hulle regeer.

Kinders staan in die eerste plek onder die gesag van Christus. Hy wil deur pa en ma en ander gesagsdraers sý gesag oor ons uitoefen. In die vyfde gebod gaan dit nie oor die vraag wie is baas en wie is Klaas nie! Dit gaan oor wie die taak van die Here gekry het om te verseker dat die geloof kinders sal hê. En daarmee saam dus die houding wat ingeneem moet word deur elkeen wat in hierdie geloof verder gehelp word. Oud en jonk. In Efe. 1:21 lees ons van Christus wat bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy gaan sit aan die regterhand van die Vader. Hy is as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee (Ef. 1:22). *Dit* moet beskerm word deur die gehoorsaamheid aan die vyfde gebod. Dit is 'n gebod met 'n belofte. Nie alleen vir hierdie wêreld nie, maar ook die toekomstige (1:21).

**Die kerk is veronderstel om die werk-model te wees van wat God met die res van die samelewing wil doen.**

# NET EEN KIND

AK Wallet

Daar is enersyds bekommernisse as egpare nie kinders het nie, maar ook as egpare baie kinders het. Net so is daar sorg as 'n egpaar net een kind het. Die vrou aan wie ek dink, sou baie graag meer kinders wou gehad het. Sy het selfs 'n spesifieke aantal in gedagte gehad, sonder om aan beplanning te dink.

Sy het reeds voordat sy getroud was, geweet dat om kinders te kry nie 'n vanselfsprekendheid is nie. Haar siklus was baie ongereeld. Sy en haar man het dikwels gebid en gevra vir kinders, en na 'n redelike kort tyd het hulle 'n eerste kind gekry. Hulle was baie dankbaar teenoor die Here, en het gehoop om nog te ontvang. Maar dit het anders verloop. Ondanks baie doktersbesoeke, het daar nie nog kinders gekom nie.

En dan kom die 'waaroms'. Hoekom ander egpare wel, en hoekom ons nie?

Die vrou het my vertel dat sy dikwels kwaad was vir God, veral vanweë die feit dat ander mense geen kinders wil hê nie, of selfs van kinders ontslae raak. So het sy tydens 'n rommelmark gesien hoe 'n egpaar, sonder enige huiwering, opgewonde hulle hele baba-toerusting te koop aanbied. Die egpaar het twee kinders gehad, en dit was vir hulle mooi genoeg. Hoe is dit moontlik?

Tog het sy nooit doopdienste gemis nie. Ek het geweet hoe swaar dit vir haar was, veral om te sien hoe egpare vir die soveelste keer 'n babatjie na die doopvont toe bring.

In 'n gesprek met haar het sy openlik erken wat



haar probleem was. Sy het daarmee geworstel, en haar rus by God gesoek, maar tog ook gesmag na 'n vervulling van haar wense.

Daar het 'n soort krisis in haar lewe gekom. Sy het gedink sy was swanger met 'n tweede kind. Maar hoe groot was die skok toe geblyk het dat daardie swangerskap buite die baarmoeder was. Mediese ondersoeke het uitgewys dat 'n tweede kind net nie moontlik was nie. Sy vertel toe dat sy 'n soort rouproses deurgemaak het. Hoe nou verder? 'n Mens beweeg aan na 'n nuwe fase.

Sy het geleer om in te sien wat die Here vir haar in haar enigste kind gegee het, terwyl ander nie eens kinders het, of nie eens getroud is nie. Die Here het vir hulle gegee, maar ook weer teruggehou soos Hy dit vir hulle goedgegink het. En dis nou presies waaroor dit gaan: om ons te

**Verdeeldheid is beter as eenheid in die kwaad.**

- G Hutcheson

leer om ons oor te gee aan sy Goddelike leiding.

Die egpaar het tot insig gekom. Hulle het begin insien dat dit pure genade was wat God hulle gegee het. Op 'n wonderlike wyse mog hulle lewensvulling vind, omdat God die sorg van ander op hulle lewenspad geplaas het.

Daar is 'n gesegde wat lui: Elke huis het sy kruis. Tydens 'n kerklike huweliksluiting hoor ons dat ook die getroudes, vanweë die sonde, baie kruise en moeites nie gespaar sal bly nie. Dis maar goed dat die Here ons lewenspad vir ons verborge hou.

Ons word van dag tot dag gelei. Hoe heerlik is dit as ons in ons lewe God leer ken. Dan is daar wel moeites en kruise, maar dan is daar ook Christus se kruis. "Voor U is my sugte^en sorg nie verborge, daar U alles sien en weet." So mog sy tog steeds die Nagmaal vier.

Partykeer kan mense se opmerkings ons so seermaak. Dalk onbedoeld, of uit onbegrip, maar tog maak dit seer. Met die beëindiging van haar swangerskap, het iemand vir hierdie moeder gesê: "Troos jouself, dit was darem nog nie 'n kind nie, maar net 'n klompie selle". Hoeveel fyngvoeligheid is daar nodig in ons omgang met mense! "Die liefde handel nie onweloweglik nie". (1Kor.13)

Partykeer hoor jy mense sê dis 'n straf as jy geen kinders of dalk net een kind het. Dit is

onbybels. Dink aan die blindgebore man (Johannes 9). Die dissipels het gedink dat sy blindheid 'n straf was. Maar Jesus sê dit het gebeur, want "die werke van God moet in hom openbaar word". Ons kan wel praat van 'n kruis, maar as ons deur God gelei word, kan so 'n kruis vir ons 'n seën wees.

**Op 'n wonderlike wyse mog hulle lewensvulling vind, omdat God die sorg van ander op hulle lewenspad geplaas het.**

Ouderlinge doen huisbesoek by mense van wie hulle dikwels baie min weet. Ja, die huisbesoek handel oor die geestelike dinge, verseker, maar so 'n gesprek kan deur soveel sorg en moeites verhinder word. Soms, as daar werklik 'n vertroulike sfeer is, kan daar vroe soos hierdie na vore kom. Laat die ouderlinge daarvoor oopstaan. Hoekom wil ons graag kinders hê?

Hanna het daarvoor gesmeek. Toe sy Samuel gekry het, het sy hom aan die Here afgestaan. Daarin lê die uiteindelijke doel.

Toe Abraham sy seun Isak wou offer, het hy gehoor: "Nou weet Ek dat jy God vrees, en jou seun, jou enigste, van My nie teruggehou het nie".

**Om Christelike tug toe te pas op verkeerde gedrag, maar laks te wees op verkeerde leer, is om die stroom skoon te probeer maak terwyl die fontein vuil gelaat word.**

- BH Carroll

# OORLEWER AAN DIE SATAN

*H van den Berg*



*'Besluit dan maar self, ek gaan jou nie meer waarsku nie. As jy nie wil hoor nie, moet jy maar voel.'*

*Woorde van ouers aan hulle kind.*

*'n Ma waarsku haar seun wat altyd so roekeloos in die verkeer ry. Sy het hom al so dikwels gewaarsku, maar dit het nie gehelp nie. 'Ek hoop die polisie vang jou nog 'n slag en gee jou 'n stywe boete. Dit sal jou leer.'*

*Soms moet 'n mens jou kop kliphard stamp. Dit sal jou leer.*

*'n Student, wat maar alte lekker lewe, maar geensins moeite doen om te presteer nie. Sy pa het 'n onderonsie met hom: 'Netnou is dit klaar met jou beurs en dan sal jy agterkom waarmee jy al die pad besig was.' Die harde feite sal 'die student' wel leer.*

## **'n Moeilike vraag**

In daardie rigting moet ons beweeg by die verstaan van 1 Korinthiërs 5:5; '...om so iemand

aan die Satan oor te lewer tot verderf van die vlees, sodat die gees gered kan word in die dag van die Here Jesus'. 'n Bybelstudievereniging het my gevra wat hierdie woorde beteken. Self het die broeders by die volgende verklaring uitgekóm: 'Hierdie persoon sal na sy aardse bestaan, dis sy vlees, sy ondergang tegemoetgaan, met as doel om hom van die ewige straf te red'. Maar nie almal was oortuig van hierdie uitleg nie.

## **Dit klink so kras!**

Dit klink nogal ongebruiklik, nogal kras om te sê: om iemand oor te lewer aan die Satan! Hoe kan Paulus op so 'n gedagte kom? Dit kan mos nie! Dan is daar in die gemeente van Korinte seker groot fout.

Dis reg. Daar is 'n seldsame geval van hoerery. 'n Man leef saam met die vrou van sy vader. Hoe-kom sê Paulus dit so omslagtig? Hoekom sê hy nie net dat die man met sy ma saamleef nie? Want dit gaan nie hier oor sy eie ma nie, maar oor sy stiefma, saam met wie hy lewe. 'n Groot skandaal. Selfs onder die heidene was dit ongehoord.

Maar wat doen die gemeente van Korinte nou daaraan? Niks nie. Hulle laat dit net so voortgaan. Hulle is opgeblase en heel tevrede met hulleself. Hierdie sondaar kan maar rustig aangaan. Pleks daarvan dat hulle hartseer is oor die saak! Laat hulle tog hierdie man uit hulle midde verwyder. Hier is net een ding toepaslik: die toepassing van die tug. Hierdie man moet afgesny, uitgeban word!

**Daar kan baie voordele genoem word oor die skeiding van kerk en staat, maar geen voordelige dinge gesê word oor die staat se skeiding van God, nie.**

**- CFH Henry**



Maar in Korinte heers daar 'n lelike traak-my-nie-agtige houding. Daarom tref Paulus maatreëls. Hy is wel nie fisies aanwesig nie, maar in die gees is hy beslis daar en hy voel homself baie nou by die saak betrokke. Hy staan ook gereed met sy oordeel. Hy het 'n vonnis oor hierdie growwe sondaar gevel en hy betrek die gemeente hierby. Hy is as't ware saam met die gemeente in 'n vergadering. Tydens hierdie byeenkoms sal die beslissing val. Met die krag van die Here Jesus, en op gesag van die Heer van die kerk. Daar sal met die sonde afgereken word. Die sondaar word van die gemeente afgesny en aan die Satan uitgelewer.

En so is ons weer terug by ons teks.

### Liggaamlike afbraak?

Wat beteken dit eintlik? Om die sondaar aan die Satan uit te lewer tot verderf van sy vlees? Hiervoor is daar verskillende verklarings. Sommiges sê: die man word aan Satan se mag oorgegee en dan gebeur met hom dieselfde as wat met Job gebeur het: sy liggaam word afgetakel. Dan sal hy voel en miskien tot inkeer kom. Hy sal dan wel sy lewe verloor, maar omdat hy hom betyds bekeer het, sal sy gees op die jongste dag behoue bly en gered word. So word die tug op 'n baie spesiale manier toegepas. Dis beslis nie hoe ons dit vandag moet doen nie, want dit het te doen gehad met die gesag van die apostels.

'n Paar besware kan teen hierdie uitleg ingebring word. In die eerste plek gaan dit nie hier oor 'n tipiese apostoliese bevoegdheid nie. Die gemeente is immers ook in die vonnis betrokke. In die tweede plek is die apostel se groot beswaar dat die man nie uit die gemeente verwyder is nie. Dit is wat moes gebeur het: die man moes afgesny, uitgeban word. Sal vers 5 nou skielik oor iets anders gaan? Gaan Paulus

nou 'n ander maatreëls instel? Dit is nie voor die hand liggend nie.

'n Ander siening: Die sondaar word aan die Satan oorgelewer, wat dan so vinnig as moontlik die liggaam kan afbreek. Hoe vinniger die man sterf, hoe beter. So lank as wat hy lewe, hou hy net aan sondig. Die dood bring 'n einde daaraan. Hoe korter sy lewe, hoe minder kan hy sondig. So kan hy uiteindelik tog nog behoue bly.

Hierdie uitleg is ook nie voor die hand liggend nie. Want die sondes wat die man nou doen, maak hom reeds vir ewig die dood skuldig. Dit maak nie saak of hy nou nog min of baie sondes byvoeg nie. Daar is maar net één weg tot redding. Die man moet homself bekeer!

**Jy bly die beste soek vir die sondaar. Jy hoop dat hy op so 'n manier tot bekering sal kom.**

### Hy moet maar voel

Aan die Satan oorlewer. Dit is ander woorde vir: die sondaar onder julle uit verwyder (vers 2). Wat gebeur dan? Die man word afgesonder, verwyder van alles en almal. Hy staan buite die verkondiging van die Woord, buite die bediening van die sakramente, buite die warmte van die gemeenskap van die heiliges. Hy ontvang nie meer steun in sy stryd teen die sonde nie. Die Satan het vrye teuels. Hy kan homself op die sondaar uitleef.

Die groot vraag is: hoe kan Paulus tot so 'n besluit kom? Dis mos nou die ergste wat jy iemand kan aandoen? Het jy al ooit van so iets wreeds gehoor? En: hoe kan die gees van die man dan op die dag van die Here, die jongste dag, gered word?

**If a church does not evangelize it will fossilize.**

- AW Pink

Ons moet eers gaan kyk wat nou eintlik hier gebeur. Die man word aan die Satan oorgelewer, tot verderf van sy vlees. Sy vlees is sy sondige vlees, die sondige in die man, sy bose luste. Die Satan kry 'n greep op hierdie man. Dit gaan van kwaad tot erger. Die man raak al hoe vaster in sy sonde en ellende vasgevang. Hy sal kliphard teen die sondes en die gevolge daarvan bots. En dis nie net sy sonde nie, maar ook die gevolge daarvan: die leegte wat dit vir jou agtergelaat, die skade wat dit jou berokken ... en ook die skade wat jyself daardeur aanrig. Sy lewe word 'n gemors, 'n puinhoop. Dit is wat die apostel wil hê: dis wat hierdie man moet voel. Laat hom maar agterkom waarmee hy besig is. Hy moet homself volledig vasloop, hy moet sy kop stamp. Miskien sal dít hom tot besinning bring en besef hy: 'So kan dit nie aangaan nie! Dit moet verander, ek wil nie so lewe nie, ek moet my bekeer'. Net op hierdie manier sal sy gees op die dag van die Here gered word.

### **Om te behou**

Die apostel draai nie doekies om nie. 'Aan die Satan oorlewer'. Dis huiweringwekkend! Hierdie woorde kan 'n mens ook terugvind in die formulier vir afsnyding van die gemeente van Christus. Om iemand uit die gemeente te verwyder is 'n huiweringwekkende saak. Jy lewer hom uit aan die Satan. Hy verkry mag oor 'n sondaar. Die man bevind hom dan buite die beskermende omheining van die kerk, buite die

kudde van Christus. As dit is hoe sake staan ... sal 'n mens dan ooit nog wil tug toepas? Wie van ons is bereid om iemand aan Satan oor te lewer? Watter kerk doen dit? Wie wil dit ooit op sy gewete hê?

Tog kan dinge sover kom dat die gemeente ook nie 'n ander keuse het as om tot so 'n stap oor te gaan nie. 'n Sondaar kan so hardnekkig wees en glad nie bereid om na vermaning te luister nie. Daar bly dan net één pad oor wat geloop kan word: Hy moet tot die besef kom waarmee hy besig is – lewer hom oor aan die Satan.

Dit word dan nog steeds gedoen om die man te behou. Paulus het dit gedoen 'sodat die gees' (dit is: hyself) gered kan word in die dag van die Here Jesus. Jy bly die beste soek vir die sondaar. Jy hoop dat hy op so 'n manier tot bekering sal kom.

Daar is ook nog 'n ander kant waaroor die apostel vervolgens skryf. Die sonde mag nooit 'n vastrapplek in die gemeente kry nie. Want dan gaan dit begin werk, aktief raak, soos suurdeeg (v 6). Waar 'n mens die sonde laat gaan, daar begin die sonde gis en woeker deur die hele gemeente – dit sal die kerk vernietig. Dan is halwe maatreëls nie voldoende nie. Jy moet die sondaar uit die gemeente verwyder, hom oorlewer aan die Satan. Dit móét sover kom. Uiteindelik gaan dit oor die behoud van die gemeente, waarvoor Christus ten duurste betaal het.

**Hoe meer ons let op die Lydende Kneg van die HERE, hoe meer sal ons die verskriklike diepte van ons eie ellende sien.**

- JL Kortering

# DIE WEDERGEBOORTE

*Prof. Dr. J van Genderen*



## Minder aktueel?

Hierdie onderwerp lyk nie op die oomblik so aktueel nie. Daar was 'n tyd waarin die kerk meer doenig was met die wedergeboorte as wat nou die geval is. Dr. L. Van Hartingsveld skryf in 'n studie oor die wedergeboorte dat mens nie moet dink dat iets nie belangrik is, omdat dit nie die middelpunt van belangstelling is nie. Is dit nie 'n kommerwekkende teken dat daar so min oor nagedink word nie? Van Hartingsveld het 'n uitgesproke mening daaroor: 'Daar word gekla oor die agteruitgang van die geestelike lewe van die gemeente. Dit hang waarskynlik saam met die feit dat 'n fundamentele saak soos die wedergeboorte volkome op die agtergrond geraak het'.

Wanneer daar in ons dae ander vrae na vore kom, mag dit nie tot gevolg hê dat ons stilswyend by die wedergeboorte verbygaan nie. Die Bybel stel die onderwerp uitdruklik aan die orde.

Soms word wedergeboorte verbind aan reïnkarnasie. Die leer van reïnkarnasie wek hedendaags weer belangstelling. Hier het mense te make met 'n ou opvatting wat al uit die Hindoeïsme bekend is. By reïnkarnasie, wat eerder sielsverhuising genoem kan word, bevind ons ons in 'n heel ander sfeer as by die wedergeboorte waarvoor die woord van God praat. In die Bybel gaan dit oor die algehele vernuwning van die mens deur die Heilige Gees.

## Wat sê die Skrif?

Ons tref die woord 'wedergeboorte' nie in die Ou Testament aan nie. In die Nuwe Testament wel, maar as selfstandige naamwoord (die Griekse *palingenesia*) net in Mattheüs 19:28 en Titus 3:5. Die werkwoordsvorm sien ons meer. Om te begin, kom ons dit teë in Johannes 3. Die Here sê vir Nikodemus: "*Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie*" (v. 3). Hy noem dit ook gebore word uit water en Gees, en om uit die Gees gebore te word, wat noodsaaklik is om die ryk van God in te gaan.

By die lees van die Griekse teks van Johannes 3:3 moet 'n mens jou afvra of die bywoord wat by 'gebore' (letterlik vertaal: verwek, of voortgebring word) staan, hier 'weer eens' of 'van bo' beteken. 'n Argument ten gunste van die tweede betekenis is dat dit op die twee ander plekke waar dit in die vierde evangelie voorkom, so verstaan moet word (Joh. 3:31 en 19:11). Elders dui dit ook op God. Jesus sê aan Pilatus: "*U sou geen mag teen My hê as dit u nie van bo gegee was nie*" (Joh. 19:11). So gesien, korrespondeer die

**By verre die slegste erfenis wat ons ons kinders kan nalaat is: skynheiligheid.**

uitdrukking 'van bo gebore' in Johannes 3:3 en 7 met sowel 'uit die Gees gebore' (Joh. 3:8) as met 'uit God gebore' (Joh. 1:13). Vir die betekenis 'weer eens' of 'opnuut' kan aangevoer word dat dit is hoe Nikodemus die woord van Jesus verstaan het. Hy vra immers: "*Hoe kan 'n mens as hy oud is, gebore word? Hy kan tog nie 'n tweede keer in die skoot van sy moeder ingaan en gebore word nie?*" (Joh. 3:4). Wat Nikodemus daarin gehoor het, is egter nie deurslaggewend nie, maar wel wat Jesus daarmee bedoel het.

Myns insiens gaan dit oor 'n 'van bo' gebore word, 'n geboorte uit God. Dit is waar dat as iemand van bo gebore word, hy of sy ook opnuut gebore word. Dit is die begin van 'n nuwe lewe, wat 'n nuwe oorsprong het. Dié geboorte is 'n wonder van God.

### Die kenmerk van die geboorte van bo, is die geloof in die eniggebore Seun van God.

Waarskynlik het by Nikodemus, soos by baie Jode van sy tyd, die vraag bestaan wat mens moet doen om die koninkryk van God te beërwe. Volgens die destydse Joodse teologie het dit op die werke aangekom. Mens sou baie daarvoor doen. Jesus hou dit egter aan hom voor dat daar 'n radikale vernuwing van die lewe voor nodig is, wat net so min binne die vermoë van die mens lê as wat dit ons eie mag was om gebore te word.

Vanuit die mens kan dit nie voortkom kom nie, wat ons ook al self daarvoor probeer doen. God verander mense. Hy maak ons lewe nuut deur sy Gees wat soewerein in sy werk. Dit is die evangelie van die wedergeboorte volgens Johannes 3.

Dié Skrifgedeelte leer ons ook dat die wedergeboorte nie opsigself staan nie. Asof Jesus net wou sê: God moet die mens 'n nuwe lewe gee want anders bly die poort van die hemelse koninkryk vir hom gesluit! Wanneer die Heiland sy onderrig voortsit, bring Hy aan die lig dat die kenmerk van die geboorte van bo, die geloof in die eniggebore Seun van God is. Ingang in die koninkryk van God is dieselfde as om ewige lewe te hê. Daarvoor is die wedergeboorte of, anders gesê, geloof (vgl. Joh. 3:16) nodig.

Die wedergeboorte word kenbaar in die geloof. Andersom geld ook dat die gelowige aanneem van Christus, voortkom uit die gebore wees uit God. Sien Johannes 1:12 en 13. In 1 Johannes 5:1 word op dieselfde manier daarvoor gepraat: "*Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is uit God gebore*". Trouens, nie alleen die geloof is 'n kenmerk van die nuwe lewe wat uit God is nie, maar ook die doen van geregtigheid en die liefde vir mekaar.

In Johannes 3:5 staan: "*Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie*". Heelwat eksegete dink hier aan die water van die doop. Maar die doopwater kan tog nie as die bewerkende oorsaak van die wedergeboorte gesien word, soos wat die Gees dit is nie? Die doop teken wel vir ons die onmisbare vergewing en vernuwing en die beloftes en genade van God, waaraan die heil van wedergeboorte te danke is.

Paulus sê dat God ons uit sy ontferming gered het, en nie as gevolg van werke van geregtigheid wat ons sou gedoen het nie. Met die bad van die wedergeboorte en vernuwing deur die Heilige Gees, wat die Apostel in die verband noem, kan die doop aangedui word. Dit wil nie sê dat wedergeboorte deur die doop hier geleer word

**Dit is vir die Woord om die kerk te vorm en te hervorm; dit is vir die kerk om die Woord te bewaar en nogmaals te bewaar.**

- JI Packer

nie. Blykens die grondteks, wat duideliker is as ons vertalings, staan die woorde 'deur die bad van die wedergeboorte' nie op dieselfde lyn as 'deur die Heilige Gees' nie. Die Heilige Gees is die bewerker van alle heil. Terme soos wedergeboorte en vernuwing kan die doop kwalifiseer, en daarmee ook die heil, waarvan die doop teken en seël is.

In Mattheüs 19:28, waar die woord 'wedergeboorte' ook voorkom, gaan dit nie oor die innerlike verandering van mense nie, maar oor die herskepping van die heelal. Aanstons maak God alles nuut. By sy nuwe wêreld hoort nuwe mense.

Die Heilige Skrif sê ook hoe die Heilige Gees die wedergeboorte tot stand bring. Hy doen dit deur middel van die Woord. Die gelowiges is wedergebore deur die lewende en blywende Woord van God (1 Pet. 1:23). Hiermee kan

Jakobus 1:18 vergelyk word: "*Volgens sy wil het Hy ons voortgebring deur die woord van die waarheid, sodat ons as eerstelinge van sy skepsele kan wees*".

Ten slotte wys ek op twee ander tekste uit die Nuwe Testament. Die eerste is: "*Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat na sy grote barmhartigheid ons die wedergeboorte geskenk het tot 'n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode*" (1 Pet. 1:3). Die nuwe lewe wat God skenk aan die wat aan Hom behoort, is die lewe wat Christus deur sy opstanding geopenbaar het. Die tweede teks is 2 Korinthiërs 5:17: "*Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit*

*het alles nuut geword*". Die vernuwing van die lewe is so volkome dat daar van 'n nuwe skepping gepraat kan word. Dit is 'n uitdrukking wat die rabbyne soms gebruik het vir 'n nuwe mens. By Paulus val die volle nadruk op 'nuut' en op 'skepping'. Die mens kan homself nie tot 'n nuwe mens ontwikkel nie, maar wel in 'n nuwe mens herskep word. Dié wonder is werklikheid vir almal wat met Christus verbonde is.

Ons het by die Nuwe Testament begin, maar kan nie daarmee volstaan nie. Al word die woord 'wedergeboorte' nie gebruik nie, is daar tog ook in die Ou Testament sprake van 'n radikale vernuwing van die lewe deur God se genade. Ons dink aan Esegïël 11:19 en 20, waar 'n hart van klip teenoor 'n hart van vlees gestel word. God sal aan sy volk 'n nuwe gees gee. In Esegïël 36:26 en 27 keer die belofte terug en sê God boonop: "*En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees*

*in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee. En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen*". Nog bekender is die profesie van Jeremia 31:31-34. Met name bestaan die heil van die nuwe verbond in die vernuwing van die hart en die vergewing van sondes. Die Nuwe Testament laat ons sien hoe hierdie profesie vervul word.

### **Enkele aspekte van die leer van die wedergeboorte**

As ons die Skrif laat spreek het, is die belangrikste gesê. Wanneer die leer van die kerk goed is, sluit dit geheel by die Skrif aan.



**Die bron van al ons probleme is dat ons nie die Skrifte ken nie.**

- Chrysostemus

1. Dit moet voorop gestel word dat wedergeboorte vir elkeen noodsaaklik is. Dit gaan met ons so sleg dat 'n verbetering nie genoeg is nie. Ons moet nuut begin, maar hoe? By ons ontbreek sowel die vermoë as die wil. Met die woorde van die Heidelbergse Kategismus: Ons is glad nie in staat om iets goeds te doen nie en geneig tot alle kwaad. Die doopsformulier praat dieselfde taal: Ons kan nie in die ryk van God inkom nie, tensy ons opnuut gebore word. Ons hoor hierin die klank van die onderrig wat Jesus aan Nikodemus gegee het.
2. In verskeie kerke word geleer dat ons deur middel van die doop weergebore word. Dit lees ons nie in die Bybel nie, ook nie in Johannes 3:5 of Titus 3:5 nie. Volgens die Skrif is die Woord van God die middel wat die Here gebruik. Daarom word in die Dordtse Leerreëls bely dat God die evangelie bestem het 'tot 'n saad van die wedergeboorte en tot voedsel vir die siel'. Dit beteken dat ons daarop aangewese is.
3. Kuyper het onmiddellike of veronderstelde wedergeboorte geleer. Die Woord sou dan nie die middel wees waardeur die Gees die nuwe lewe skep nie, maar die middel waardeur ons daarvan bewus word. Feitelik sou die wedergeboorte die roeping voorafgaan. In die gemeente waarin die Woord van God verkondig word, mag en moet mens dan veronderstel dat ook die klein kindertjies wedergebore is. Dit kan nie as vas beskou word nie, want die teendeel kan later blyk.

Daar word tereg hierteen ingebring dat dit 'n valse gerustheid laat ontstaan. Bavinck oordeel skerp hieroor: hierdie opvatting berooft die prediking van die evangelie van

sy erns en sy krag. Die diepste prinsipiële beswaar is dat die leer van die onmiddellike wedergeboorte nie in ooreenstemming met die Skrif is nie. Terwyl die redenasie van Kuyper was dat God tog nie mense roep wat nog doof of dood is nie, sê ons op Bybelse gronde dat God ons deur sy Gees en Woord tot nuwe lewe roep.

4. Die wedergeboorte is noodsaaklik. Dit moet egter nie aan ons verbygaan nie dat die een persoon daarby meer sal dink aan die wedergeboorte vóór die geloof en die ander aan die wedergeboorte deur die geloof. Dit hang saam met 'n verskil in terminologie, wat deur Kuyper die ou en die nuwe terminologie genoem word.

In ruimer sin staan die wedergeboorte vir die gehele vernuwning van ons lewe, wat 'n voortgaande proses is. Die titel van 'n hoofstuk van die Institusie van Calvyn is: 'Deur die geloof word ons weergebore' (III.3). Die Nederlandse Geloofsbelydenis sê van geloof dat dit die mens weergebore laat word en tot 'n nuwe mens maak (artikel 24). Dus, wedergeboorte deur die geloof.

**Wedergebore mense is deel van 'n groter geheel: die nuwe wêreld van God. En God maak alle dinge nuut.**

Hoewel die nuwere terminologie al in die eeu van die Reformasie voorgekom het, het dit eers gangbaar geword in die tyd daarna. Veral in die stryd teen die Remonstrante is in die gereformeerde teologie beklemtoon dat die nuwe lewe reeds in sy aanvang al 'n gawe van God en 'n werk van sy genade is. Dit is onmoontlik dat ons self ons daartoe kan opwerk deur goeie gebruik van ons eie moontlikhede of van 'n

**Ek het baie dinge probeer vashou, maar het dit verloor. Dit wat ek in God se hande geplaas het, is die dinge wat ek vandag nog het.**

- M Luther

verligting wat ons reeds sou ontvang het. Die mens is eerder besig om sy wedergeboorte teen te werk as om daaraan mee te werk.

Die konflik met die Remonstrante kan verklaar waarom die herskeppende en vernuwende werk van God met die sterkste bewoording beskryf word. Dit is die vernuwing, nuwe skepping, opwekking uit die dood en lewendmaking wat God sonder ons in ons werk (Dordtse Leerreëls III/IV, 12).

Bybels gesien, is dit korrek om sowel die aanvang as die voortgang van die radikale vernuwing van ons lewe, wedergeboorte te noem. Die Skrif praat nie alleen van die geskape wees van die nuwe mens nie, maar ook van hervorming deur vernuwing van die denke.

5) Ewemin as wat wedergeboorte in die Bybel op sigself beskou word, is dit die geval in die geloofsleer. Anders sou die wedergebore mens met sy kenmerke daarin sentraal te staan kom: 'n beskrywing van allerlei vlakke van wedergeboorte. Dan vra mens jou af uit watter kenmerke die wedergeboorte bestaan.

In die Bybel het die wedergeboorte sy plek, hoe belangrik ook, in 'n groter samehang. Dié kenmerk van hulle wat uit God gebore is, is dat hulle die Here Jesus gelowig aanneem.

Wie in Christus is, is 'n nuwe skepsel en selfs 'n nuwe skepping. Wedergebore mense is deel van 'n groter geheel: die nuwe wêreld van God. En God maak alle dinge nuut.

**Somtyds kalmeer die Here die storm; somtyds laat Hy die storm woed en kalmeer Hy sy kind.**